KAAP AGRI BEPERK / KAAP AGRI LIMITED
Reg No : 2004/012093/06

24 Oktober 2011

Beste Kaap Agri Aandeelhouer,

KAAP AGRI ONTBONDELING, WAT 'N REËLINGSKEMA INSLUIT, VOORGESTELDE NAAMSVERANDERINGE EN KONSOLIDASIE

Kaap Agri aandeelhouers word verwys na die persaankondiging gedateer 16 September 2011 in verband met die voorgenome Ontbondeling van Kaap Agri Bedryf aan Aandeelhouers en verder na die omsendbrief aangeheg vir volledige besonderhede van die opsomming van die transaksie wat in hierdie brief uiteengesit word. Vanweë die tegniese aard, statutêre voorskrifte en omvang van die omsendbrief is dit slegs in Engels beskikbaar. Hierdie brief poog om die voorgenome transaksie in Afrikaans op te som.

WAT WORD VOORGESTEL

1. Kaap Agri stel die Ontbondeling van Kaap Agri Bedryf aan Kaap Agri Aandeelhouers voor, wat 'n reëlingskema ("**die Skema**") insluit.
2. Die Ontbondeling sal tot gevolg hê dat die operasionele bedrywighede van die Kaap Agri Groep, wat tans in Kaap Agri Bedryf gehuisves word, geskei word van die belegging van die Kaap Agri Groep in Pioneer-aandele, en daardeur die totstandkoming van twee alleenstaande entiteite.
3. Indien goedgekeur, sal dit tot gevolg hê dat:

3.1 'n nuwe maatskappy opgerig word, as 'n volfiliaal binne die Kaap Agri Groep ("**NewCo**") wat alle aandele in Kaap Agri Bedryf sal besit;

3.2 die aandele in NewCo oorgedra word aan Aandeelhouers sodat hulle dieselfde persentasie van aandele in NewCo besit as wat hulle in Kaap Agri besit;

3.3 Aandeelhouers sal dan hul indirekte aandeelhouding in Kaap Agri Bedryf deur hul aandeelhouding in NewCo hou (in plaas van hul indirekte aandeelhouding in Kaap Agri Bedryf deur hul aandeelhouding in Kaap Agri te hou, soos hulle tans doen);

3.4 Aandeelhouers behou steeds dieselfde indirekte belang in die Pioneer-aandele deur hul aandeelhouding in Kaap Agri;

3.5 die naam van Kaap Agri verander na Agri Voedsel Beperk ("**Agri Voedsel**"), wat die Pioneer-aandele sal huisves;

3.6 die naam van NewCo verander na Kaap Agri Beperk, wat die operasionele bedrywighede sal huisves; en

3.7 die aandele van Agri Voedsel (voorheen Kaap Agri benoem) sal gekonsolideer word op die basis uiteengesit op bladsy 5 van die omsendbrief, sodat die gekonsolideerde aandele in Agri Voedsel (voorheen Kaap Agri benoem) gelyk sal wees aan die aantal Pioneer-aandele wat deur Agri Voedsel (voorheen Kaap Agri benoem) besit word ("**die Konsolidasie**"). Dit sal die vergelyking van die aandeelprys van Agri Voedsel met die genoteerde aandeelprys van Pioneer Voedsel vergemaklik.

4. Aandeelhouers word verwys na die organograms in Bylae 1 tot die omsendbrief vir verdere duidelikheid, wat die struktuur van die Kaap Agri Groep voor en na die Ontbondeling illustreer.

HOE SAL DIE ONTBONDELING, WAT DIE SKEMA INSLUIT, AANDEELHOUERS AFFEKTEER

1. Die voorgestelde Ontbondeling, sal nie lei tot enige verwatering van die Aandeelhouers se belange in die operasionele bedrywighede en in die Pioneer-aandele nie. Die effektiewe aandeelhouding van aandeelhouers na die Ontbondeling in beide die operasionele bedrywighede, gehuisves in NewCo (hernoem na Kaap Agri Beperk) en die Pioneer-aandele, gehuisves in Kaap Agri (hernoem na Agri Voedsel), sal onveranderd bly.
2. Die voorgestelde Ontbondeling sal dus dieselfde kommersiële effek hê as 'n ontbondeling waar die aandele van 'n entiteit as 'n dividend in specie verdeel word. Daarbenewens, die effek op die belasting basiskoste van die aandele wat Aandeelhouers in NewCo sal ontvang en die aandele wat hulle in Kaap Agri (hernoem na Agri Voedsel) hou, sal soortgelyk wees aan 'n ontbondeling wat in terme van artikel 46 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 plaasvind.
3. Geen bates van die Kaap Agri Groep (huidige Aandeelhouers) word vervreem nie.
4. Aandeelhouers sal voortaan hulle aandeel in die Bedryfsmaatskappy (hernoem na Kaap Agri Beperk) en hulle aandeel in die Beleggingsmaatskappy (hernoem na Agri Voedsel Beperk) afsonderlik kan hou, koop of verkoop - steeds deur die verhandelingstoonbank in Porterville of op die webtuiste www.kaapagri.co.za.

5. Die beweegrede vir die voorgestelde Ontbondeling is dat indien die Ontbondeling in werking tree dit waarskynlik aansienlike waarde in die Pioneer-aandele en in Kaap Agri Bedryf sal ontsluit indien dit afsonder verhandel word, tot voordeel van die Aandeelhouers.
6. Aandeelhouers moet egter daarop let dat die Ontbondeling tot 'n eenmalige rekeningkundige verlies in Kaap Agri (hernoem na Agri Voedsel) ter waarde van R334.9 miljoen in die finansiële jaar geëindig 30 September 2011 tot gevolg het. Die eenmalige boekinskrywing is as gevolg van toepassing van IFRIC 17 (*Uitkering van nie-kontant bates aan eienaars*) rekeningkundige standpunt. Aandeelhouers moet egter daarop let dat die eenmalige boekinskrywing geen invloed op die wesensverdienste, kontantvloei of volhoubare verdienste van Kaap Agri (hernoem na Agri Voedsel) vorentoe sal hê nie.

WAT SAL DEELNEMENDE AANDEELHOUERS ONTVANG INDIEN DIE ONTBONDELING, WAT DIE SKEMA INSLUIT, GOEDGEKEUR EN GEÏMPLEMENTEER WORD

1. Indien die Ontbondeling geïmplementeer word, sal Aandeelhouers 0.2258170 NewCo-aandele ontvang elke 1 (een) Kaap Agri (Agri Voedsel) aandeel wat deur die Aandeelhouers gehou word voor die Ontbondeling. Aandeelhouers word verwys na die Tabel van Geregtigheid, aangeheg tot hierdie brief as Aanhangsel 1 wat die aantal NewCo aandele wat Aandeelhouers sal ontvang in verhouding tot hulle aandele gehou in Kaap Agri voor die Ontbondeling illustreer.
2. Alhoewel die aantal aandele wat deur Aandeelhouers in beide NewCo (hernoem na Kaap Agri Beperk) en in Kaap Agri (hernoem na Agri Voedsel) gehou word verminder as gevolg van die Ontbondeling en Konsolidasie, sal die persentasie belang wat deur Aandeelhouers in beide NewCo (hernoem na Kaap Agri Beperk) en in Kaap Agri (hernoem na Agri Voedsel) gehou word, presies dieselfde wees as die persentasie belang wat in Kaap Agri gehou word voor die Ontbondeling, tesourie-aandele uitgesluit.

HOE SAL DIE NAAMSVERANDERINGE EN DIE KONSOLIDASIE AANDEELHOUERS AFFEKTEER

1. As gevolg van die naamsverandering, sal Kaap Agri bekend staan as Agri Voedsel Beperk en NewCo sal bekend staan as Kaap Agri Beperk.
2. Die beweegrede vir die naamsverandering is om duidelik en maklik die beleggingsbesigheid, soos gehuisves in die hernoemde Agri Voedsel Beperk (tans Kaap Agri benoem), te onderskei van die operasionele bedrywighede, soos gehuisves gaan word in die hernoemde Kaap Agri Beperk (tans NewCo benoem).
3. As gevolg van die Konsolidasie en Kaap Agri Naamverandering sal Aandeelhouers 1 (een) Agri Voedsel aandeel ontvang vir elke 1 (een) NewCo aandeel wat hulle ontvang het in terme van die Skema. Soos voorheen vermeld sal die Konsolidasie tot gevolg hê dat die aantal uitgereikte aandele in Agri Voedsel gelyk sal wees aan die aantal Pioneer-aandele wat gehou word deur Agri Voedsel, tesourie-aandele uitgesluit. Aandeelhouers word verwys na die Tabel van Geregtigheid, aangeheg tot hierdie brief as Aanhangsel 1 wat die aantal Agri Voedsel aandele wat Aandeelhouers sal ontvang as gevolg van die Konsolidasie en Kaap Agri Naamsverandering illustreer.
4. Die beweegrede vir die Konsolidasie is dat dit sal toelaat dat die Agri Voedsel-aandele op dieselfde of 'n soortgelyke waarde sal verhandel as die Pioneer-aandele.

WAT MOET KAAP AGRI AANDEELHOUERS DOEN INDIEN HULLE WIL DEELNEEM AAN DIE ONTBONDELING, WAT DIE SKEMA INSLUIT, EN WIL STEM VIR DIE SKEMA, VOORGESTELDE NAAMVERANDERING EN KONSOLIDASIE

Aandeelhouers word verwys na die afdeling getiteld "*Action Required by Shareholders*" op bladsy 7 van die omsendbrief, wat die besonderhede uiteensit oor die aksie verlang vanaf Aandeelhouers wie graag wil stem ten opsigte van die Skema, die voorgestelde Kaap Agri Naamverandering en Konsolidasie. Aandeelhouers wat nie (wil) stem nie en wat niks doen nie, sal steeds die twee aparte aandele ontvang tesame met bevestiging indien die Skema deur die meerderheid van Aandeelhouers goedgekeur word.

NAVRAE

Indien u enige vrae het, is u welkom om mnr Reinhard Köstens of mnr James Matthee (Finansiële Direkteur) van Kaap Agri te kontak by (022) 482 8002 of andersins mnr John-Paul Dicks of mnr David Tosi van PSG Capital (Kaap Agri se korporatiewe adviseurs) te skakel by (021) 887 9602.

Die uwe



James Matthee
Finansiële Direkteur

TABEL VAN GEREGTIGHEID

Die tabel hieronder sit uiteen die aantal NewCo aandele waarop Aandeelhouers geregtig sal wees indien die Skema geïmplementeer word, asook die aantal Kaap Agri (Agri Voedsel) aandele wat Aandeelhouers sal ontvang na die Ontbondeling.

Aandeelhouers sal geregtig wees om 0.2258170 NewCo aandele te ontvang vir elke 1 (een) Kaap Agri aandeel besit voor die Ontbondeling, soos hieronder geïllustreer.

Na die Onbondeling sal Aandeelhouers 1 (een) Kaap Agri (Agri Voedsel) aandeel ontvang vir elke 1 (een) NewCo aandeel wat ontvang was in terme van die Skema, soos hieronder geïllustreer:

Aantal Kaap Agri aandele besit voor Ontbondeling	Aantal NewCo aandele waarop geregtig word	Aantal Kaap Agri (Agri Voedsel) aandele waarop geregtig word	% belang	Aantal Kaap Agri aandele besit voor Ontbondeling	Aantal NewCo aandele waarop geregtig word	Aantal Kaap Agri (Agri Voedsel) aandele waarop geregtig word	% belang
1	-	-	nvt	90	20	20	nvt
2	-	-	nvt	95	21	21	nvt
3	1	1	nvt	100	23	23	nvt
4	1	1	nvt	125	28	28	nvt
5	1	1	nvt	150	34	34	nvt
6	1	1	nvt	175	40	40	nvt
7	2	2	nvt	200	45	45	nvt
8	2	2	nvt	1,000	226	226	nvt
9	2	2	nvt	5,000	1,129	1,129	nvt
10	2	2	nvt	10,000	2,258	2,258	nvt
15	3	3	nvt	20,000	4,516	4,516	nvt
20	5	5	nvt	50,000	11,291	11,291	nvt
25	6	6	nvt	100,000	22,582	22,582	0.04%
30	7	7	nvt	200,000	45,163	45,163	0.08%
35	8	8	nvt	300,000	67,745	67,745	0.12%
40	9	9	nvt	400,000	90,327	90,327	0.16%
45	10	10	nvt	500,000	112,909	112,909	0.20%
50	11	11	nvt	1,000,000	225,817	225,817	0.41%
55	12	12	nvt	2,000,000	451,634	451,634	0.81%
60	14	14	nvt	3,000,000	677,451	677,451	1.22%
65	15	15	nvt	4,000,000	903,268	903,268	1.62%
70	16	16	nvt	5,000,000	1,129,085	1,129,085	2.03%
75	17	17	nvt	10,000,000	2,258,170	2,258,170	4.06%
80	18	18	nvt	50,000,000	11,290,850	11,290,850	20.30%
85	19	19	nvt	246,339,714	55,627,707	55,627,707	100.00%